

# **KONSTITUSIE**

## **KLEIN PATERNOSTER ERFEIENAARSVERENIGING**

'n Beheerliggaam geskep ingevolge artikel 29 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning Nr 15 van 1985

### **1. TOT STANDKOMING**

Die Klein Paternoster Erfeienaarsvereniging kom tot stand as beheerliggaam ingevolge artikel 29 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning Nr 15 van 1985, asook ingevolge die ontwikkelingsvoorwaardes opgelê deur die Saldanhaabaai Munisipaliteit by die goedkeuring van die onderverdeling van gedeelte 19 van die Plaas Uitkomst Nr 23, Paternoster.

## 2. INTERPRETASIE

2.1 Die volgende betekenis word aan die onderstaande woorde gekoppel:

"Vereniging"	die Klein Paternoster Erfeienaarsvereniging;
"Kantoor"	die geregistreerde kantoor van die vereniging;
"maand"	kalender maand;
"jaar"	kalender jaar;
"geskrewe"	handgeskrewe, gedrukte of enige ander wyse van die voortbring van woorde in leesbare formaat;
"Erwe"	alle erwe, uitgesluit publieke oop areas, voortspruitend uit die onderverdeling van Erf 1270, Paternoster;
"Lid"	'n lid van die vereniging wat as sulks kwalifiseer ingevolge die bepalings van klousule 6 hieronder;
"Trustee Komitee"	die trustees van die vereniging;
"Trustee"	een van die lede van die Trustee komitee;
"Voorsitter"	die voorsitter van die Trustee Komitee;
"Ondervoorsitter"	die ondervoorsitter van die Trustee Komitee;
"Ouditeure"	die ouditeure van die vereniging;
"die Ontwikkelaar"	Anker Trust (Reg No IT 1381/2004 )
"die Raad"	die Saldanhabaai Munisipale raad of hul opvolgers in titel;
"Besigheidsdag"	weeksdag anders as Saterdag, Sondag en Openbare Vakansiedag;
"Spesiale Besluit"	is 'n besluit op 'n spesiale algemene vergadering waarvan nie minder nie as 21 dae kennis gegee is, welke kennisgewing die rede vir die beoogde spesiale besluit moet spesifiseer en motiveer. Ten minste 75% van die lede teenwoordig moet ten gunste van die voorgenome besluit stem op voorwaarde dat die aantal lede teenwoordig ten minste 'n kworum moet vorm vir 'n algemene vergadering;

"Klein Paternoster" die groepsbehuisingontwikkeling op Erf 1270, Paternoster.

### **3. HOOFBESIGHEID**

Die hoofbesigheid van die vereniging is die bevordering en die beskerming van die belange van die lede asook die bestuur van Klein Paternoster.

### **4. HOOFDOEL**

Die hoofdoel van die vereniging is:

#### **4.1 Beheer oor:**

4.1.1 alle geboue of strukture op die erwe; en

4.1.2 landskappering en onderhoud van sypaadjies en openbare oop ruimtes binne Klein Paternoster

4.2 Die bevordering en beskerming van die gemeenskaplike belange van die lede oor die algemeen.

### **5. FINANSIËLE JAAREINDE**

Die finansiële jaareinde van die vereniging is einde Februarie van elke jaar.

### **6. LIDMAATSKAP**

6.1 Lidmaatskap aan die vereniging is verpligtend vir elke geregistreerde erfeienaar.

6.2 Sodanige lidmaatskap sal outomaties 'n aanvang neem by die registrasie van die erf op die transportnemer se naam.

6.3 Lidmaatskap tot die vereniging sal beperk word tot die geregistreerde eienaars van die erwe met dien verstand dat:

6.3.1 'n persoon wie geregtig is op die verkryging van 'n sertifikaat van geregistreerde titel vir enige sodanige erwe geag sal word 'n geregistreerde eienaar te wees;

6.3.2 waar enige eienaar meer as een persoon is, sal al die geregistreerde eienaars geag word gesamentlik en afsonderlik een lid van die vereniging te wees.

6.4 'n Lid sal outomaties sy lidmaatskap verloor indien hy ophou om 'n geregistreerde eienaar te wees.

6.5 'n Lid sal nie geregtig wees om:

6.5.1 sy eiendom te verkoop nie, tensy:

6.5.1.1 dit 'n voorwaarde is van die koopakte dat die koper 'n lid word van die vereniging en homself gebonde ag aan die reëls van die vereniging se konstitusie.

6.5.1.2 hy skriftelike goedkeuring van die vereniging verkry in die voorgeskrewe vorm welke goedkeuring slegs gegee sal word indien:

6.5.1.2.1 die lid aan alle reëls, regulasies en riglyne van die vereniging, asook aan die vereistes van hierdie konstitusie voldoen het

6.5.1.2.2 die lid se maandelikse heffings tot datum betaal is

6.5.2 enige gebou of struktuur op die eiendom op te rig of enige verbeterings aan bestaande strukture aan te bring of die kleur aan die buitekant van die struktuur te verander sonder die skriftelike toestemming van die vereniging se trustees nie, welke goedkeuring slegs verleen sal word:

6.5.2.1 indien die voorgenome werke nie in enige opsig afbreek doen aan die aard voorkoms en ontwerp (ingesluit die estetiese ontwerp) van die bestaande strukture van die ontwikkeling nie, met dien verstande dat die lid dieselfde materiale of materiale van soortgelyke aard of kwaliteit sal gebruik as die wat gebruik was in die oprigting van die oorspronklike struktuur of strukture;

6.5.2.2 nadat gedetailleerde bouplanne van die voorgenome werke voorgelê was aan die trustees of die trustees se genomineerde (wie verkieslik 'n argitek moet wees, geregistreer by die SA raad vir argitekthe of die instituut vir SA argitekthe); en

6.5.2.3 indien die Trustees of hul genomineerde tevrede is dat die voorgenome werke in ooreenstemming is met die estetieka en argitektoniese riglyne van die ontwikkeling, vir welke doel, die trustees of hul genomineerde die alleen arbiter sal wees en hul besluit as bindend beskou sal word op alle lede;

met dien verstande dat die voorgaande nie in enige mate moet afbreek doen aan die lid se verpligting om sy planne vir die

voorgenome werke aan die munisipaliteit voor te lê vir finale goedkeuring nie of die plig wat op die munisipaliteit rus om toe te sien dat daar ooreenkomstig die goedgekeurde plan gebou word nie.

- 6.6 'n Lid sal ten alle tye die erf, die strukture daarop asook sy grasperk onderhou.
- 6.7 Die geregistreerde eienaar van 'n erf mag nie bedank as lid nie.
- 6.8 Die regte en pligte van 'n lid is nie oordraagbaar nie en elke lid sal na die beste van sy vermoë die doelstellings en belange van die vereniging bevorder.

## **7. MAANDELIKSE HEFFINGS**

- 7.1 Die vereniging se trustees mag van tyd tot tyd heffings voorstel vir hul lede wat moet dien ter finansiering van die vereniging se gelede of redelik geantisipeerde uitgawes. Tipiese uitgawes sal wees die instandhouding van die ontwikkeling se gemeenskaplike eiendom, publieke oop ruimtes, sekuriteitsdienste of enige ander uitgawe redelikerwys aangegaan in verband met die vereniging se bestuur. Die trustees sal by die berekening van heffings enige inkomste verdien deur die vereniging in ag neem.
- 7.2 Die Trustee Komitee sal die beraamde bedrag wat die vereniging vir jaarlikse uitgawes benodig, voeg by enige tekorte in die vorige jaar en 'n gelyke heffing vir lede bereken. Die Trustee Komitee mag ook by sulke heffings 'n bedrag in reken wat in trust gehou sal word vir uitgawes wat nie van 'n gereelde aard is nie. Elke sodanige heffing sal jaarlikse vooruit betaalbaar wees op of voor die 1ste dag van elke daaropvolgende jaar.
- 7.3 Die Trustee Komitee mag van tyd tot tyd spesiale heffings hef vir uitgawes soos in 7.1 hierbo (welke uitgawes nie voor voorsiening gemaak is in die beraamde heffing soos bereken in 7.2 hierbo nie) in 'n bedrag en op 'n tyd soos deur die komitee bepaal.
- 7.4 Enige heffing verskuldig deur 'n lid sal geag word as gelde verskuldig aan die vereniging. Die verpligting wat op 'n lid rus om heffings te betaal sal verval sodra hy ophou om lid van die vereniging te wees, sonder benadeling van die vereniging se regte om agterstallige heffings te vorder. Heffings reeds deur lede betaal sal onder geen omstandighede terugbetaalbaar wees indien die lid se lidmaatskap beëindig word nie. 'n Lid se opvolger in titel sal aanspreeklik raak vir heffings vanaf die datum waarop hy/sy transport neem.
- 7.5 Die trustees sal alle heffings (ingesluit spesiale heffings) gelykop tussen die lede verdeel.
- 7.6 'n Lid sal nie geregtig wees op enige voordele van lidmaatskap alvorens hy nie al sy heffings en gelde verbandhoudend tot lidmaatskap betaal het nie.

## **8. KONTRAKTE EN REGULASIES**

8.1 Die Trustee Komitee mag van tyd tot tyd:

8.1.1 regulasies uitvaardig vir:

8.1.1.1 die sekuriteitsbeheer van die ontwikkeling

8.1.1.2 die onderhoud van oop areas, sypaadjies en landskappering van die Klein Paternoster ontwikkeling

8.1.2 ooreenkomste sluit met die munisipaliteit aangaande enige van die aangeleenthede of verbandhoudende aangeleenthede vermeld in 8.1.1 hierbo.

8.2 Elke lid onderneem om hom te onderwerp aan:

8.2.1 die reëls van die konstitusie;

8.2.2 die regulasies van die konstitusie uitgevaardig ingevolge 8.1.1 hierbo;

8.2.3 enige ooreenkoms gesluit ingevolge 8.1.2 hierbo en die verpligtinge wat daarmee saam gaan.

## **9. BREUK**

9.1 Indien enige lid:

9.1.1 versuim om bedrae deur hom verskuldig ingevolge hierdie konstitusie tydig te betaal en steeds in gebreke bly om sodanige bedrae te betaal nadat hy skriftelik versoek is om dit binne 7 dae te betaal, of

9.1.2 'n bepaling, reël of regulasie van hierdie konstitusie verbreek en versuim om dit binne 7 dae reg te stel, nadat hy skriftelik daartoe versoek is,

dan in so 'n geval sal die trustees geregtig wees om namens die vereniging, sonder benadeling van enige ander regte of remedies van die trustees of lede, ingesluit die reg om skadevergoeding te eis:

9.1.2.1 geregtelike aksie in te stel teen sodanige lid vir betaling van agterstallige gelde of vervulling van sy verpligtinge teenoor die vereniging, of

9.1.2.2 'n breuk soos beskryf in 9.1.2 hierbo self te herstel en onmiddellik alle koste deur die vereniging aangegaan tydens sodanige herstel, van die betrokke lid te verhaal.

- 9.2 Indien die trustees na afloop van 'n breuk geregtelike aksie instel teen 'n lid sal die trustees geregtig wees om alle regskostes aangegaan deur die vereniging van sodanige lid te verhaal welke kostes insluit prokureur en eie kliënt kostes, opsporingsfooie en invorderingskommissie.
- 9.3 Indien enige lid versuim om gelde betaalbaar ingevolge hierdie konstitusie tydig te betaal, sal die lid verplig wees om rente daarop te betaal teen die prima geld uitleen rentekoers van die vereniging se bankiers soos dit van tyd tot tyd sal geld.

## **10. SESSIE VAN LIDMAATSKAP**

'n Lid sal nie by beëindiging van lidmaatskap (ook sal geen lid se eksekuteur, kurator, trustee of likwidateer) enige eis hê vir rente verdien op fondse of eiendom van die vereniging nie. Hierdie klousule sal egter nie afbreuk doen aan die vereniging se reg om van 'n lid of sy boedel enige agterstallige rente of gelde te eis by beëindiging van lidmaatskap nie.

## **11. TRUSTEE KOMITEE**

- 11.1 Daar sal 'n raad van trustees vir die vereniging aangestel word wat sal bestaan uit nie minder nie as 3 (drie) en nie meer nie as 6 (ses) lede.
- 11.2 Elke trustee moet 'n lid van die vereniging wees.

## **12. VERVANGING EN ROTASIE VAN TRUSTEE LEDE**

- 12.1 Behoudens die bepalings van 12.2 hieronder sal elke trustee sy amp behou tot en met die algemene jaarvergadering wat volg op sy aanstelling. 'n Trustee sal by sodanige jaarvergadering geag word afstand te gedoen het van sy amp, maar sal op dieselfde vergadering her-verkies kan word vir 'n volgende termyn.
- 12.2 'n Trustee sal geag word afstand te gedoen het van sy amp wanneer:
- 12.2.1 sy boedel voorlopig of finaal gesekwestreer is;
  - 12.2.2 hy reëlins of kompromië aangaan met skuldeisers vir die delging van skuld;
  - 12.2.3 hy skuldig bevind word aan enige oneerlikheidsmisdaad;
  - 12.2.4 hy geestes ongesteld raak;
  - 12.2.5 hy 'n skriftelike bedanking rig aan die sekretaris van die komitee;
  - 12.2.6 hy afsterf.

12.2.7 hy uit sy amp onthef word by wyse van 'n spesiale besluit deur die lede.

12.3 Indien 'n vakature ontstaan voor die volgende algemene jaarvergadering sal sodanige vakature gevul word deur 'n persoon (lid) genomineer deur die oorblywende trustees van die komitee.

### **13. DIE TRUSTEES**

13.1 Die Trustees sal onderling 'n voorsitter en ondervoorsitter benoem.

13.2 Die eerste voorsitter en ondervoorsitter sal deur die ontwikkelaar benoem word en sal in hul onderskeie ampte dien tot en met die eerste algemene jaarvergadering.

13.3 Die trustee komitee benoem tydens 'n algemene jaarvergadering sal binne 7 dae 'n voorsitter en ondervoorsitter aanwys. Indien 'n vakature vir enige van hierdie ampte ontstaan voor die volgende algemene jaarvergadering sal die trustee komitee onmiddellik vergader en uit eie geledere 'n trustee vir die amp benoem.

13.4 Die voorsitter sal voorsit by alle trustee komitee asook algemene vergaderings en sal alle pligte verrig verbandhoudend tot sy amp asook enige ander pligte wat die trustee komitee mag oplê.

13.5 Die ondervoorsitter sal die voorsitter se pligte verrig indien hy afwesig is, ongeskik is om dit te verrig of weier om dit te verrig. Hy sal ook die pligte verrig wat van tyd tot tyd aan hom opgelê word deur die voorsitter of trustee komitee.

13.6 Trustees sal geregtig wees op terugbetaling van alle bona fide uitgawes deur hul aangegaan in die uitvoering van hul pligte as trustees, voorsitter of ondervoorsitter. Hul sal egter nie geregtig wees op enige fooie of salaris vir hul dienste nie.

### **14. FUNKSIES EN MAGTE VAN DIE TRUSTEE KOMITEE**

14.1 Die trustee komitee sal gemoeid wees met die bestuur van die vereniging se belange en sal volle magte hê om verbandhoudende handeling te verrig, onderhewig aan die bepalings van hierdie konstitusie.

14.2 Die trustee komitee sal die reg hê om enige van sy besluite of resolusies te verander of te kanselleer.

14.3 Die trustee komitee sal die reg hê om enige lid te koöpteer welke gekoöpteerde lid dieselfde regte en verpligtinge sal geniet as die ander trustees.

- 14.4 Die trustee komitee sal die magte hê om indien hy verkies enige vermoedelike breuk van hierdie konstitusie deur 'n lid of trustee te ondersoek.

## **15. VERRIGTINGE VAN DIE TRUSTEE KOMITEE**

- 15.1 Die trustee komitee mag vergader vir die bestuur van die vereniging se besigheid soos wat hul dit nodig ag onderworpe aan die bepalings van hierdie dokument.
- 15.2 Die trustee komitee sal egter ten minste een keer per kwartaal vergader, tensy al die trustees skriftelik besluit dat 'n vergadering in 'n spesifieke kwartaal nie nodig is nie.
- 15.3 Die kworum wat benodig word vir enige trustee komitee vergadering sal 3 (drie) trustees wees.
- 15.4 Die voorsitter sal vergaderings van die trustee komitee lei. Indien hy nie beskikbaar is nie, sal die ondervoorsitter die vergaderings lei. Indien laasgenoemde ook nie beskikbaar is nie, sal die trustees stem vir 'n voorsitter wie dan die vergadering sal lei.
- 15.5 Die trustees sal notule hou van elke trustee komitee vergadering, alhoewel nie noodwendig verbatim nie, welke notule so spoedig moontlik na die vergadering op skrif gestel sal word en as korrek deur die voorsitter gesertifiseer sal word. Alle notules van trustee komitee vergaderings sal na sertifisering in 'n notule boek gehou word ooreenkomstig die regtens voorgeskrewe regulasies vir die hou van notules deur direkteure van 'n maatskappy. Die trustee komitee notule boek sal beskikbaar wees vir inspeksie te alle redelike tye deur trustees, ouditeure, lede en die munisipale raad.

## **16. ALGEMENE VERGADERINGS**

- 16.1 Die vereniging sal elke kalender jaar voor 31 Mei 'n algemene vergadering hou welke vergadering sal dien as die jaarlikse algemene vergadering en as sulks gespesifiseer sal word op kennisgewings van die vergadering.
- 16.2 Die jaarlikse algemene vergadering sal gehou word op 'n tyd en plek soos deur die trustee komitee bepaal.
- 16.3 Alle algemene vergaderings anders as jaarlikse algemene vergaderings sal genoem word spesiale algemene vergaderings.
- 16.4 Die trustee komitee sal spesiale algemene vergaderings reël wanneer en indien hul dit nodig ag.

## **17. KENNISGEWING VAN VERGADERINGS**

17.1 'n Algemene jaar vergadering asook 'n algemene vergadering gereël vir die uitvaardiging van 'n spesiale resoluëie sal geskied met 21 (een en twintig) dae skriftelike kennisgewing en ander spesiale algemene vergaderings met 14 (veertien) dae skriftelike kennisgewing. In elke geval sal die kennisgewingsperiode die dag van kennisgewing uitsluit en die plek, dag, tyd en agenda van die vergadering spesifiseer.

'n Algemene vergadering van die vereniging wat gereël is met korter kennisgewing as hierin voorgeskryf sal steeds geag word na behore gereël te wees indien:

17.1.1 in die geval van 'n jaarlikse algemene vergadering al die stemgeregtigde lede teenwoordig is en ten gunste daarvan stem;

17.1.2 in die geval van 'n spesiale algemene vergadering ten minste 75% van die stemgeregtigde lede teenwoordig is en die meerderheid van hulle ten gunste daarvan stem;

17.2 Enige bona fide versuim om na behore kennis te gee van 'n vergadering of 'n resoluëie soos voorgeskryf hierin of enige nie-ontvangs van 'n kennisgewing deur 'n lid, sal nie afbreuk doen aan die geldigheid van die verrigtinge of van die resoluëie daartydens uitgevaardig nie.

## **18. PLEK VAN VERGADERINGS**

Algemene vergaderings sal plaasvind op 'n plek soos van tyd tot tyd deur die trustee komitee bepaal.

## **19. KWORUM**

19.1 Geen besluit sal op 'n algemene vergadering geneem word indien 'n kworum nie teenwoordig is nie. 'n Kworum sal teenwoordig wees indien die helfte van alle stemgeregtigde lede op die vergadering teenwoordig is. Sodanige helfte mag egter nooit minder wees as 3 (drie) lede nie.

19.2 Indien 'n kworum nie binne 'n halfuur van die aanvang van 'n vergadering teenwoordig is nie, sal die vergadering, indien dit belê is deur gewone lede, ontbind. In enige ander geval sal die vergadering verdaag na dieselfde dag in die daaropvolgende week, op dieselfde tyd en plek, of op sodanige ander plek as wat die voorsitter van die vergadering mag bepaal. Indien daar by so 'n verdaagde vergadering nie binne 'n halfuur 'n kworum teenwoordig is nie, sal die lede teenwoordig geag word 'n kworum te wees.

## **20. AGENDA TYDENS VERGADERINGS**

20.1 Ongeag ander relevante aangeleenthede wat van tyd tot tyd op algemene jaar vergaderings bespreek moet word, sal die volgende aspekte op elke algemene vergadering aandag geniet:

20.1.1 die oorweging van die voorsitter se verslag aan die trustee komitee;

20.1.2 die verkiesing van die trust komitee;

20.1.3 die oorweging van enige aangeleentheid geopper tydens die vergadering ingesluit die voorgestelde resolusies en die stemming vir die aanvaarding al dan nie daarvan;

20.1.4 oorweging van die vereniging se balansstaat vir die laaste finansiële jaar;

20.1.5 oorweging van die ouditeure se verslag;

20.1.6 oorweging van die totale lede heffing (soos na verwys in 12.2) vir die kalender jaar waartydens die algemene jaarvergadering plaasvind .

## **21. PROSEDURE TYDENS ALGEMENE VERGADERINGS**

21.1 Die voorsitter sal vergaderings van die trustee komitee lei. Indien hy nie beskikbaar is nie, sal die ondervoorsitter die vergaderings lei. Indien laasgenoemde ook nie beskikbaar is nie, sal die trustee se stem vir 'n voorsitter wie dan die vergadering sal lei.

21.2 Die voorsitter mag met die toestemming van enige algemene vergadering waarop 'n kworum teenwoordig is, die vergadering uitstel na 'n tyd en plek van sy keuse. Geen aangeleenthede mag egter op sodanige uitgestelde vergadering bespreek word anders as die aangeleenthede wat op die oorspronklike vergadering bespreek sou word nie. Indien 'n vergadering uitgestel word vir langer as 10 (tien) dae moet kennis van die vergadering in die voorgeskrewe vorm aan alle lede gegee word soos in die geval van die oorspronklike vergadering. Uitgesonderd laasgenoemde situasie sal lede nie geregtig wees op kennis van die uitstel of van die vergadering se voorgenome agenda nie.

## **22. VOLMAGTE**

22.1 'n Lid mag tydens 'n algemene vergadering op sterkte van 'n volmag verteenwoordig word deur 'n verteenwoordiger wie nie 'n lid van die vereniging hoef te wees nie. Die volmag moet op skrif wees en deur die betrokke lid onderteken wees. Dit hoef egter nie aan enige voorgeskrewe

vorm te voldoen nie. Indien 'n lid meer as een persoon is, sal die volmag geldig wees indien dit deur enige van sodanige persone geteken is.

## **23. STEMMING**

- 23.1 Op elke algemene vergadering sal 'n lid persoonlik of verteenwoordig deur volmag, slegs een stem hê per erf, geregistreer in sy naam. Indien 'n erf geregistreer is op meer as een persoon se naam sal hulle gesamentlik en afsonderlik slegs een stem hê. Die ontwikkelaar sal solank hy eienaar is van enige aantal erwe, sal een stem hê.
- 23.2 Daar sal tydens algemene vergaderings gestem word vir voorgestelde resolusies by wyse van die opsteek van hande, tensy voor bekendmaking of tydens bekendmaking van 'n stemresultaat 'n stemgeregtigde aandring op 'n formele stemming by wyse van die voltooi van stembriewe.
- 23.3 Nieteenstaande die bepalings van klousule 23.2 hierbo, sal enige stemming vir die verkiesing van 'n voorsitter tydens 'n algemene vergadering (indien nodig) of vir die uitstel al dan nie van die vergadering, geskied by wyse van die opsteek van hande.

## **24. PROFESSIONELE PERSONE**

Die trustee komitee sal by magte wees om te enige tyd namens die vereniging die dienste van professionele persone soos rekenmeesters, ouditeure, prokureurs, advokate, argitekte, ingenieurs of enige ander professionele persoon te bekom, op terme en voorwaardes soos wat die komitee goed vind, op voorwaarde dat die uitgawes wat ten opsigte van hierdie persone aangegaan word nie 5% (vyf persent) van die totale jaarlikse heffing oorskry nie, tensy gemagtig deur spesiale resolusie.

## **25. REKENMEESTERS**

- 25.1 Die rekeninge en boeke van die vereniging sal beskikbaar wees vir inspeksie deur lede te alle redelike tye gedurende normale besigheidsure.
- 25.2 Tydens elke jaarlikse algemene vergadering sal die trustee komitee 'n behoorlik opgestelde inkomste en uitgawe rekening asook balansstaat aan die vereniging voorlê vir die laaste finansiële jaar of in geval van die eerste rekening, vir die periode sedert inkorporasie.

## **26. OUDIT**

Die vereniging se ouditeure sal ten minste een keer per jaar die vereniging se rekeninge audit.

## **27. DIENING VAN KENNISGEWINGS**

- 27.1 Alle kennisgewings uitgereik deur die vereniging sal geskrewe wees en per hand aan lede afgelewer word of aan hul versend word per vooruitbetaalde geregistreerde pos aan 'n adres soos deur hul aangewys of indien geen sodanige adres aangewys is nie aan die adres van hul erf.
- 27.2 Enige kennisgewing per pos sal geag word gedien te wees op die dag wat dit gepos is.
- 27.3 'n Bona fide versuim / late om kennis te gee van 'n vergadering of die nie-ontvangs van 'n kennisgewing, deur enige lid wat geregtig is om sodanige kennisgewing te ontvang, sal nie die verrigtinge van die vergadering ongeldig maak nie.

## **28. VRYWARING**

- 28.1 Alle trustees en ouditeure sal gevrywaar word van enige aanspreeklikheid, bona fide opgedoen, in hul amptelike hoedanigheid namens die vereniging. Skulde wat ontstaan uit sodanige aanspreeklikheid sal deur die vereniging gedelg word.

## **29. ARBITRASIE**

- 29.1 Enige geskil wat ontstaan tussen lede of tussen lede en trustees wat verband hou met:
- 29.1.1 enige aangeleentheid voortspruitend uit die konstitusie;
- 29.1.2 die regte en pligte van enige party genoem in die konstitusie;
- 29.1.3 die interpretasie van die konstitusie;
- sal besleg word by wyse van arbitrasie. 'n Geskil sal verklaar word by wyse van kennisgewing deur die party wat die arbitrasie verlang aan alle ander belanghebbende partye.
- 29.2 Die arbitrasie sal geskied te Paternoster op 'n informele wyse of indien dit nie moontlik blyk te wees nie ingevolge die bepalings van die Arbitrasie Wet No 47 van 1995 (soos dit van tyd tot tyd sal geld). Die arbitrasie moet sover moontlik binne 21 werksdae, nadat dit aangevra is afgehandel word.
- 29.3 Tensy anders bepaal, sal die arbiter wat die volgende geskille aanbetref, een van die volgende persone wees:
- 29.3.1 primêre rekenkundige aangeleenthede - 'n onafhanklike ouditeur

- 29.3.2 primêre regsangeleenthede - 'n praktiserende prokureur of advokaat met ten minste 10 jaar se ondervinding.
- 29.3.3 in enige ander geval - 'n onafhanklike en geskikte gekwalifiseerde persoon aangestel deur die vereniging se ouditeure.
- 29.4 Indien daar nie binne 3 werksdae na aanvra van arbitrasie ooreengekom kan word dat 'n geskil resorteer onder 29.1.1 of 29.1.2 of 29.1.3 nie, of op die benoeming van 'n spesifieke arbiter ingevolge klousule 29.3 nie, dan in so 'n geval:
- 29.4.1 sal die President van die Wetsgenootskap van die Kaap die Goeie Hoop bepaal of 'n geskil resorteer onder 29.3.1, 29.3.2 of 29.3.3; en
- 29.4.2 sal die President binne 7 (sewe) werksdae 'n arbiter nomineer sodat die arbitrasie binne 'n verdere 21 (een en twintig) dae afgehandel kan word.
- 29.5 Die arbiter sal sy toekenning binne 7 (sewe) dae na afhandeling van die arbitrasie maak en sal tydens sodanige toekenning ag slaan op die reëls van hierdie konstitusie. Die arbiter mag sy diskresie gebruik in die maak van 'n koste toekenning.
- 29.6 Die besluit van die arbiter sal finaal wees en mag 'n bevel gemaak word van die Kaapse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof op aansoek van enige party tot die arbitrasie.
- 29.7 Nieteenstaande die voorgaande sal die trustees geregtig wees om namens die vereniging geregtelike stappe in te stel by wyse van aksie of aansoek of andersins in enige geregshof vir die doel van voorkoming van enige breuk van hierdie bepalings.

### **30.     EFFEKTIEWE DATUM**

Die bepalings hierin vervat sal van krag raak gelyktydig met die eerste oordrag van 'n erf vanaf die ontwikkelaar na 'n lid.

### **31.     WYSIGINGS VAN DIE KONSTITUSIE**

Hierdie konstitusie, of enige deel daarvan, sal nie gewysig of geskrap word of deur nuwe reëls vervang word, tensy die lede daartoe ingestem het by wyse van spesiale resoluësie nie en tensy die munisipaliteit se toestemming vir die wysiging of skraping eers verkry is nie.